

## **Pinksterboodskap: 25 Mei 2020**

### **Fokusteks: Openbaring 2:1-7**

Hoe gaan dit met jou? Dit is 'n vraag wat ons soms bloot uit gewoonte vra wanneer ons mekaar groet. Maar in hierdie onseker tyd van 'n pandemie wat ons bedreig kry dit nuwe betekenis. Ons is opreg besorg oor mekaar se welstand en gesondheid. Daar is nuwe uitdagings waarmee ons nou gekonfronteer word. Ons omstandighede het dramaties verander en dis asof ons opnuut besef hoe broos en nietig ons is.

In hierdie week wat ons voorberei vir Pinksterfees wil ek 'n tweede vraag vra: Hoe gaan dit met die kerk? Hoe gaan dit met die gemeentes? Hoe gaan dit met die kinders van die Here? Die ritme van ons aanbiddings- en geloofsgewoontes en het ook dramaties verander. Genadiglik is daar genoeg mooi verhale waar gemeentes op nuwe maniere voortgaan om die Woord te bring en mense en gemeenskappe in hul nood bystaan en ondersteun. Tog word ons gekonfronteer om weer 'n slag diep na te dink oor die rol van die kerk en gemeentes in die algemeen.

Openbaring is 'n brief van God wat aan gemeentes in Klein-Asië gerig is (Openb.1:4,11). Die gemeentes het 'n tyd van geweldige vervolging beleef onder die wrede heerskappy van die Romeinse heersers. Christene is in 'n sekere sin gedwing om 'n keuse te maak: óf getrouheid aan Jesus óf 'n godsdienst van kompromieë maak met 'n wêreldse leefwyse. Hoofstukke 2 & 3 gaan oor die lewe en werk van daardie gemeentes. Hulle word geprys vir sekere dinge en ernstig berispe oor ander sake. Maar in sy Vaderlike liefde gee die Here ook telkens raad oor hoe om die foute reg te stel. Die wonder van die evangelie is dat die Here nooit wegjaag nie, maar altyd terugroep.

Ons moet onthou dat die sukses van die evangelie nie afhang van wat gemeentes kan doen nie. Nee, agter hulle en tussen hulle staan Jesus en Hy hou hulle vas! (1:12-20) Hy gee aan sukkelende gemeentes hoop, al het hulle min krag. Hy is die Hoof van sy kerk en Hy sal ons genade gee om aan ons roeping getrou te wees. Hy is die Eerste en die Laaste, die Lewende. Hy het die sleutels van die dood en doderyk. Hy is oorwinnaar oor die satan. Ons Verlosser leef, en ons met Hom. God het 'n plan met gemeentes en ons moet dit nie onderskat nie. Daarom moet ons Openbaring as 'n troosboek verstaan. Hoewel ons die briewe aan die gemeentes moet verstaan teen die spesifieke agtergrond van daardie tyd, is die bedoeling dat dit 'n boodskap vir die kerk oor alle tye is.

Die eerste gemeente waarvan ons lees is Efese (2:1-7). Dit was 'n groot en gewilde handelstad, maar ook 'n baie heidense stad. In die stad was die Artemis-tempel wat 'n besondere toeriste-aantreklikheid en heidense aanbiddingsentrum was. So indrukwekkend was die gebou dat dit as een van die sewe wonders van die antieke wêreld beskou is. Daar was baie koper- en silwersmede wat beelde van die tempel gemaak en dit dan verkoop het. Dit was 'n besonder winsgewende bedryf. In hierdie heidense stad het die Here 'n gemeente laat groei. Ons lees in Handeling 18-20 van Paulus wat 'n hele tyd daar gebly en gearbei het.

Soos wat mense tot bekering gekom het, het hulle hul wanpraktyke laat staan. In Hand.19 lees ons van Paulus se besoek aan die gemeente. Met hierdie besoek het mense wat tot geloof in Jesus gekom het, die verkope van die beeldjies laat staan. Mense wat towery en toorkunste beoefen het, het dit bely en al hul toorboeke gebring en dit verbrand. Die waarde daarvan was vyftigduisend silwermuntstukke. (Een muntstuk was een persoon se dagloon). Dit het natuurlik 'n ekonomiese oproer veroorsaak, want nou was daar minder besigheid! Die Christene was dus bereid om baie op te offer ter wille van hul geloof.

Dit is presies waaroor hulle 'n baie mooi getuigskrif in v.2,3 ontvang. Hulle onvermoeide arbeid en volharding getuig van 'n gemeente wat nie op hul gemakstoele gesit het nie. Hulle ken van hard werk en vasbyt. Hulle het baie lyding ter wille van die Naam van Jesus verduur, maar nie moeg geword om Hom te dien nie. Een van hulle uitstaande kenmerke was hul absolute toegewydheid aan die waarheid. Hulle het geen dwaalleer

van enige aard geduld nie. Daar het 'n groep mense aangekom wat beweer het dat hulle deel van die oorspronklike apostelkring was. Hulle het ondersoek ingestel en agtergekom dat hierdie mense leuenaars is. Verder het hulle ook die leer van die Nikolaïte verafsku. Dit was waarskynlik 'n groep mense wat afgodery bedryf het. Jy kan maar sê hulle was 'n "opcheck-gemeente." Hulle hou mekaar dop om te sien dat niemand iets verkeerd doen of sê nie. Hulle het seker gemaak dat die Woord suiwer bedien en verkondig word en dat die kerklike tug behoorlik toegepas word. Die ouderlinge het geluister na Paulus se waarskuwing in Hand.20:29-31: *Ek weet dat daar ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal indring, en hulle sal die kudde nie ontsien nie. Ja, uit julle eie geledere sal daar mense na vore kom wat met leuens die gelowiges agter hulle aan sal probeer verlei. Wees waaksaam.*

Die gemeente se getuigskrif was so mooi. Maar dan noem die Here een ding wat verkeerd is by hulle. En dit was waarskynlik belangriker as al die mooi dinge wat van hulle getuig is. *Julle het My nie meer so lief soos in die begin nie* (v.4). Hulle fokus op die beskerming van die waarheid het so ver gegaan dat hulle in die proses vergeet het van die liefde en van deernis met mense. Die suiwer leer is inderdaad belangrik, maar wanneer dit nie deur liefde bepaal word nie, raak dit irrelevant. Daar kom 'n hardheid in die oë. Geen blydschap, geen uitsig meer op die liefde van Jesus vir mense nie. Die Bybel word 'n meedoënlose wapen om mense mee te slaan en te veroordeel. Die Here sê nie dat, as ons al ons aktiwiteite, ons programme en besluite mooi uitvoer, is die saak reg nie. Jesus sê in Joh.13:35 - *As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle my dissipels is.* Jesus het nie vir 'n klomp leerstellinge gesterf nie, Hy het vir mense gesterf. Dit is tog die hart van die evangelie - liefde vir God en liefde vir mekaar. Die formele dinge kan reg wees, die arbeid baie, maar as die liefde ontbreek, het dae nie meer waarde nie. Dit word ook in 1 Kor.13 onderstreep.

Die Efesiërs was so besig om moeilikheid uit die gemeente te hou dat hulle nie by die gemeenskap buite hulle betrokke geraak het nie. Die feit dat baie handelaars en mense van heinde en verre die stad besoek het, was 'n ideale geleentheid vir die gemeente om sendingwerk te doen. Maar daarvan lees ons ongelukkig niks nie.

Watter raad gee die Here vir hierdie gemeente? Twee dinge word in vers 5 genoem: *Dink daaraan hoe ver julle agteruit gegaan het.* Hulle word opgeroep om weer 'n slag terug te dink aan die beginjare van die gemeente, toe Jesus hul lewens verander het. Die passie en die opwinding daarvan. Keer terug na die ywer, entoesiasme en oorgawe soos toe die gemeente begin groei het. En hulle moet besef, soos dinge nou is, kan hulle nie aangaan nie. Die tweede is, soos dit by die ander gemeentes ook die geval is, 'n oproep tot bekering. *Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het.* Bekering is nie iets wat jy moet voel nie, dit is iets wat jy moet doen. Met ander woorde, hierdie gemeente moet weer die liefde begin leef deur Jesus helder voor hulle oë te sien sodat hulle harte weer sag kan word vir mekaar en dat hulle ander mense rondom hulle kan bereik.

Kom ons vra die Here om ons te help om mense – mense in die gemeente maar ook buite die gemeente – raak te sien en so gestalte te gee aan die liefdesgebod van die Here.

### **Gebed**

Here, maak ons oë oop vir U, sodat ons oë ook kan oopgaan vir mense rondom ons.

Gee ons 'n hart van liefde, sodat ons mekaar en ander ook van harte sal liefhê.

Maak ons ore oop, sodat ons kan hoor wat die Gees vir ons wil sê.

Amen